Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 29 April 2021

Gedagte van die week:
Wie die stadigste is om beloftes te maak is gewoonlik die vinnigste om dit uit te voer..
Vertrekpunt: Matteus 5:33-48 (ons fokus op verse 33-37)
Meditasie uit die teks:
Jesus is in die bergrede besig om in reaksie op die Fariseërs en Skrifgeleerdes, sy dissipels bekend te stel aan ‘n nuwe manier van dink oor en doen van die Wet. In ons teks van die week is Jesus besig om aan hulle uit te wys hoe kreatief (skelm of slinks is dalk beter!) mense kan wees in hulle poging(s) om die wet so gerieflik as moontlik vir hulleself te maak. In die proses word die wet eintlik ontkrag van alle waarde. Die mense van Jesus se tyd wou nie beloftes en eedsaflegging heeltemal uitskakel nie, maar hulle wou darem ook nie dat dit ‘n onherroeplike las of binding op hulle lê nie. Hulle ontwerp toe ‘n sisteem of glyskaal waarvolgens hulle met minder streng gevolge kan beloof en sweer. Sommige beloftes en sommige ede sou daarvolgens van groter waarde en bindingskrag wees as ander en siedaar, kul jou hier en kul jou daar, skielik is ‘n mens nie meer só gebonde aan jou woord nie! En Jesus sê eenvoudig: “Nonsense!” Jou woord is jou woord en jou woord moet só betroubaar wees dat beloof en sweer nie nodig hoef te wees nie. Geen glykskale en kategoriserings en slinkse uitkomkanse en tegnikaliteite nie. Jou woord is jou woord! Is jou woord jou woord?
Youtubeskakel:
Ons gaan Sondag 02 Mei 2021 om 09:30 ‘n reisgesprek in die kerkgebou hou. Jy kan hierdie reisgesprek ook op Youtube luister. Die youtube-skakel is https://youtu.be/4nwwbWMpSm4.

Meditasie uit die lewe
Ek het op Sondag 18 April ‘n opvoering van die Libertaskoor bygewoon. Dit was ‘n erediens op die grasperk van Vredenheim! Op ‘n stadium sing hulle die lied van die Britse komponis Labi Siffre wat hy in 1984 geskryf het nadat hy ‘n dokumentêr oor Suid-Afrika gekyk het. Dit is ‘n lied wat in die hart van swart mense van Suid-Afrika ‘n ereplek gekry het. Vir ‘n lang tyd kon hulle dit alleen sing en ons, die ander, kon net luister. Maar Sondag, 18 April, sing Thandi met haar sterk en warm solostem dit saam met ‘n koor bestaande uit al die kleure van Suid-Afrika. Vandag kan ons dit almal saamsing te midde van korrupsie en wanorde. Die vraag is net of ons innerlik sterk genoeg is om ons stemme helder te laat hoor en ons lig helder te laat skyn. Hier is die woorde:

“The higher you build your barriers the taller I become. The further you take my rights away the faster I will run. You can deny me, you can decide to turn your face away. No matter, cos there's something inside so strong. I know that I can make it, tho' you're doing me wrong, so wrong. You thought that my pride was gone. Oh no, something inside so strong. Oh oh oh oh oh something inside so strong

The more you refuse to hear my voice the louder I will sing. You hide behind walls of Jericho, your lies will come tumbling. Deny my place in time. You squander wealth that's mine. My light will shine so brightly it will blind you. Cos there's something inside so strong. I know that I can make it, tho' you're doing me wrong, so wrong. You thought that my pride was gone. Oh no, something inside so strong. Oh oh oh oh oh something inside so strong

Brothers and sisters when they insist we're just not good enough, we know better, just look 'em in the eyes and say we're gonna do it anyway. Cos there's something inside so strong. I know that I can make it, tho' you're doing me wrong, so wrong. You thought that my pride was gone. Oh no, something inside so strong. Oh oh oh oh oh something inside so strong.”

Ek hoor daar op die grasperk van Vredenheim: “Julle is die sout en die lig ...!”

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net ‘n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com